Geagte Erasa lede,

Ek vertrou dat almal reg is vir die uitdagings van ons sport in 2018. Net soveel as wat daar sukses en pret te wagte kan wees ,so ook teleurstelling en verdriet. Dit maak uithourit uniek en lekker. **Geniet die ritte**.

Erasa het teen einde verlede jaar verskeie teenstrydige uitsprake/skrywes uit die kantoor van SAEF ontvang. Die aangeleentheid is deur volle Erasa raadsvergadering in Okt'17 bespreek. Die raad se opdrag was dat ons 'n vergadering met die SAEF(president en SG) versoek om ongemaklikhede en verskille uit te klaar vir gladde funksionering van Erasa en SAEF verhoudings. Die versoek is gerig. SAEF was in proses om 'n nuwe president (die 8'e in vyf jaar) te verkies. Dit het op 9 Des '17 gebeur waar adv Willem Edeling,en die hele dagbestuur, verkies is. Mnr'e Sakkie v Niekerk en Robert Lord is ook op die dagbestuur van SAEF verkies. Baie geluk aan hulle.

Ons vergadering met SAEF president en SG het plaasgevind op 26 Jan'18 by die SAEF kantore. Erasa was verteenwoordig deur myself, Johann Raubenheimer en Altus Hanekom.

Ek wil terloops hier noem dat die Erasa raad in geheel baie moeite en persoonlike tyd en koste aangaan om vir ons sport die beste te doen. Baie dankie.

Tydens die vergadering is die volgende bespreek:

- Verkiesing van ampte op provinsiale en nasionale vlak.
- Die SG se funksie
- Kommunikasielyne
- Weersprekende uitsprake uit die SAEF
- WEG teenstrydige opdragte
- DBV
- Perde paspoorte

In alle gevalle het ons uiters positiewe terugvoer en/of ondernemings gekry.

Ten opsigte van die notule van die vergadering , is 'n verkorte weergawe aangeheg. Die vergadering is op band opgeneem. Tot op die stadium kon ons nog nie daarin slaag om 'n kopie te verkry nie.
Ons heg ook aan 'n skrywe wat ons van die SAEF president ontvang het. Hierin spel hy duidelik uit dat alle verkiesing van ampte op provinsiale en nasionale vlak , sal gebeur :

"wanneer sulke verkiesings hetsy vir leemtes of termyne wat verstryk,verkiesbaar is"
"soos en wanneer daardie posisies verkiesbaar word"
"op daardie stadiums wanneer hulle verkiesbaar raak"

Weens opvolgende misleidende uitsprake het Erasa raad op 1 Febr'18 telekom vergadering gehad.
Verskeie Erasa opsies is bespreek en oorweeg. Ons het vergadering mer SAEF president versoek. Vergadering het op Sondag 4 Febr in Bloemfontein geskied. Teenwoordig was SAEF president en vise president, myself, Werner Bosch en Ronell Coetzer.
Erasa het dit duidelik gemaak dat ons lojale lid van SAEF wil wees met sekere voorwaardes:

Daar moet administratiewe skuiwe/verandering in die SAEF kantoor kom
Daar mag geen inmenging in Erasa (of enige dissipline) se administrasie vanaf die SAEF wees nie.
Die "klagte kantoor" by SAEF is gesluit . Alle oproepe sal terug verwys word na dissipline

Tydens hierdie vergadering het SAEF president ook 'n brief van 'n ander groot dissipline voorgehou. Presies dieseldfde en meer word versoek.

Ons is verseker dat aan al ons versoeke voldoen sal word.

Tydens dieselfde vergadering is ook die perde paspoorte en die sogenaamde "witskrif" bespreek

Paspoorte:
Ons kon reeds na die eerste vergadering vir die lede 'n koste besparing te weeg bring. Die skrywe is toe reeds versprei
Ons is in proses om nog verder stroombelyning te ondersoek en sal lede op hoogte hou

Die "witskrif" is nooit aan SAEF raad versprei vir oorweging nie. Die geskrif kan moontlik onttrek word. Weereens sal die bevestiging of andersins deurgegee word sodra meer inligting beskibaar word.

Ek gee my versekering dat Erasa raad optree in belang van elke lid , nou , en toekomstig
Intussen, GENIET die ry !

Niel Kirstein

Notule van vergadering gehou te SAEF kantore Kyalami Johannesburg op Vrydag 26 Januarie 2018 om 15h00

Verwelkoming: Die President van die SAEF Adv Willem Edeling verwelkom

Teenwoordgig: Adv Willem Edeling, Wessel Strauss, Niel Kirstein, Johann Raubenheimer en Altus Hanekom

Niel Kirstein bedank die SAEF vir die geleentheid.

Agenda:

Waar trek ons die lyn m.b.t. die kommunikasie van die SG direk aan die lede van die dissipline?

Adv Edeling, hierna verwys as Willem, bevestig dat die SAEF nie met die sport sal inmeng nie, uitgesluit waar oortredings begaan word. Die SAEF is verantwoordelik vir die "politiese" nakoming sowel as sekere administatiewe aangeleenthede, soos byvoorbeeld die oorweging van kleure aan spanne op alle vlakke. Die SG bevestig dat hy nooit sal inmeng met die reels van Erasa nie. Willem bevestig dat die SAEF nie 'n "complaint box" is nie. Die SG het opdrag om verkiesingsvergaderings by te woon om konsekwentheid te verseker.

Voortvloeiend uit die gesprek:

1) **Willem** noem dat Uithouritte het meeste anderskleurige/ voorheen benadeelde ruiters as enige ander dissipline.
2) **SG**. Die dissipline is nie verplig om distrikstriktuur te vestig nie.
3) **SG**. SAEF grondwet bepaal dat alle voorgestelde wysigings aan grondwette vooraf deur die SAEF goedgekeur moet word – **Willem** bevestig die teendeel. Wysigings word binne die dissipline hanteer bv, Provinsie word deur Erasa oorweeg en klub deur Provinsie.
4) Onpartydige Verkiesingsbeampte, verkieslik van ander dissipline, moet vergadering lei.
5) Vergadering is dit eens dat die SG se "woord" met omsigtigheid hanteer moet word.
6) **Erasa** maak beswaar teen die swak hantering van de WEG "EOI" sperdatum. Willem bevestig dat die SAEF ook onbewus hiervan was end at die FEI sy reels verander het op 1 Januarie 2018. Die vraag word geopper of 'n reel terugwerkend van toepassing kan wees?
7) **Verkiesings**. Alle Lede het een stem en kan slegs een nominasie per vakature doen. **Provinsie:** Alle klubvoorsitters het een stem. Alle lede kan die vergadering bywoon, maar bywoning en spreukreg vereis 'n 15 dae vooraf skriftelike kennisgewing van jou voorneme om by te woon. Tydens tweede staking van stemme vir dieselfde pos, word die name in 'n hoed geplaas vir trekking. **SASCOC Par. 12.19.2**
8) **SG Kommunikasie.** Alle klagtes/ kommunikasie direk aan SG sal terug verwys word na die dissiplinehoof.
9) **Perdepaspoorte.** Willem sal met "Veterinary committee" bespreek en terugvoer gee. Huidige sisteem is problematies.
10) **SAIC spanne**. Willem bevestig dat beide FEI en ERASA ruiters vir Nasionale spanne in aanmerking kan kom. Die Jnr 120 en Snr 160 is 'n gegewe. Willem sal verder onderhandel oor korter afstande.

SPCA 14 Desember 2017 vergadering

Willem bevestig dat SPCA met 'n "lasbrief in die sak" by Faure 2017 opgedaag het. SPCA focus op alle sportsoorte waar diere in 'n "resies" gebruik word. Daar bestaan onduidelikheid oor die SPCA beamptes se bevoegdheid / vaardigheid. Die vergadering is dit eens dat die SPCA welkom is om te obserweer met terugvoering op 'n geordende manier, maar geensins op die dag betrokke kan raak by atlete nie..
Willem verklaar hom bereid om die hoogste vlak ERASA te steun in die hantering hiervan.

Vergadering verdaag om 18h15.

&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&

SOUTH AFRICAN EQUESTRIAN FEDERATION

NPO:071-702 VAT: 4700262068

Postal Address:
P O Box 30617, Kyalami
1684 Johannesburg
Tel: +27 11 468 3236

Physical Address:
475 Papenfus Drive,
Beaulieu Country Estate
Kyalami, Johannesburg
Email: admin@saef.org.za

29 Januarie 2018

Beste Niel

Na aanleiding van my vorige skrywe gedateer 26 Januarie 2018, wens ek die volgende meer volledig uiteen te sit, na aanleiding van verskeie navrae wat ontvang is.

Erasa is genoodsaak om die verkiesings-prosedures soos gewysing te implementeer met onmiddellike effek, **wanneer sulke verkiesings hetsy vir leemtes of termyne wat verstryk, verkiesbaar is.**

Aangesien Erasa se huidige Raad en Provinsiale strukture **wel ooreenkomstig Erasa se grondwet verkies was, was dit nie ooreenkomstig** die bepalings van die SAEF en SASCOC se grondwette nie en moet daar nou herverkiesings vanaf Provinsiale tot Nasionale vlak uitgeoefen word, **soos en wanneer daardie posisies verkiesbaar word.**

Die wysigings aangebring in Erasa se grondwet ten opsigte van stemgeregtigdes en verkiesings-prosedures vereis dat alle komitees herverkies

CONSTITUENT MEMBERS: All Discipline Associations, Associate Members and Athlete's Commission & Provincial Federations

President:	Adv Willem Edeling	Associate Members Rep:	Lyna May
Vice President:	Hannes van Aswegen	Discipline Associations Rep:	Robert Lord
Secretary General:	Wessel Strauss		Jaap Lotter
Treasurer:	Neil Smith	Provincial Federation Rep:	Sakkie van Niekerk
Athletes' Rep:	Nicola Sime-Riley		Theresa Greyling

NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

SOUTH AFRICAN EQUESTRIAN FEDERATION
NPO:071-702 VAT: 4700262068

Postal Address:
P O Box 30617, Kyalami
1684 Johannesburg
Tel: +27 11 468 3236

Physical Address:
475 Papenfus Drive,
Beaulieu Country Estate
Kyalami, Johannesburg
Email: admin@saef.org.za

moet word soos uiteengesit in die Witskrif, **op daardie stadiums wanneer hulle verkiesbaar raak.**

Gevolglik word die datum van 19 Mei 2018 herroep en verleng na Erasa se Algenene Jaarvergaderings - datum te Fauresmith en moet alle verkiesbare posisies en vakante poste op alle vlakke afgehandel wees.

Ek vertrou dat enige onduidelikhede hiermee uit die weg geruim word.

Vriendelike Groete

Adv Willem Edeling
SAEF President

CONSTITUENT MEMBERS: All Discipline Associations, Associate Members and Athlete's Commission & Provincial Federations

President:	Adv Willem Edeling	Associate Members Rep:	Lyna May
Vice President:	Hannes van Aswegen	Discipline Associations Rep:	Robert Lord
Secretary General:	Wessel Strauss		Jaap Lotter
Treasurer:	Neil Smith	Provincial Federation Rep:	Sakkie van Niekerk
Athletes' Rep:	Nicola Sime-Riley		Theresa Greyling

NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED